# Kompas

**Rigtingwyser vir die Gereformeerde Lewe**

**Jaargang 12 / no. 10**
**Oktober 2003**


# OORVLOED EN SKAARSTE

Die wêreld beweeg na die grense van sy materiële bestaan. Die spanningsveld tussen mens en natuur word al hoe meer sigbaar en voelbaar. Die amper sewe miljard mense op aarde verlang 'n bestaan met voldoende hulpbronne, soos grond, skoon water, skoon lug en krag of brandstof. Dit beteken 'n toenemende aanslag op die natuur wat nog oor is.

Daar is aanduidings dat die menslike ontwikkeling besig is om ook die klimaat op aarde te verander. Die een rekord na die ander word deesdae geregistreer: grootste reënval, grootste droogte, hoogste temperatuur, grootste storm, ens. Nywerheidsontwikkeling en ontbossing het 'n besliste uitwerking op die atmosferiese prosesse.

Suid-Afrika is die wêreld in die kleine. Binne ons land bestaan dieselfde verskille en spannings as wat op wêreldvlak aanwesig is. Die lewenstandaard van die arm mense in Suid-Afrika moet opgehef word, maar die impak op die omgewing moet so beperk as moontlik bly. Hoe moet die ongelyke verdeling en gebruik van hulpbronne aangespreek word? Die "groenes" maak 'n afgod van die natuur. Die "vrye-ekonome" glo in markkragte. Moet ons koste toeken aan elke komponent en dan streef na die minimum totale koste? Wat is 'n goeie Christelike benadering?

Die mens is as rentmeester met verantwoordelikheid vir die skepping geskape. Mense het dus nie net regte op hulpbronne nie, maar ook die verantwoordelikheid om sorgsaam daarmee om te gaan. Nywerhede en projekontwikkelaars het 'n verantwoordelikheid om ook te let op breër belange as maksimale wins. Die regering het die taak om verantwoorde beleid en regulasies uit te vaardig. Die balans tussen die teenstrydige faktore word gerig deur die heersende ideologie: die vrye mark en die nadruk op menseregte. Maar dit sal geen heil verskaf nie.

As Christene bid ons jaarliks vir gewas en arbeid, omdat ons hierin afhanklik is van ons Vader in die hemel. Maar laat ons ook persoonlik leef in verantwoordelikheid vir die impak wat ons menslike handel het op ons omgewing. Hier pas 'n goeie mate van soberheid teenoor die opdringerige konsumpsie-ekonomie. Laat ons die skepping bewerk en bewaar tot lus vir die mens en tot lof van God die Skepper.

*J Moes*

## In Hierdie Uitgawe

## Tema: Navolging van Christus


- **Volgeling of meeloper ... 3**
  *"As Christus ons roep om Hom te volg, is dit belangriker as enigiets anders."*
- **Thomas a Kempis ..... 5**
- **Navolgers van God soos geliefde kinders .. 8**
  *"Goedkoop genade is die prediking van vergewing van sonde sonder berou, dit is doop sonder kerklike tug, ..."*
- **Wat sou Jesus doen? .. 11**
- Inseëning van Ds Magagula in Soshanguve ..... 2
- Openbare Geloofsbelydenis ..... 13
- Doodstraf ..... 15
  *"Dit is die regering se taak om ordelike samelewing daar te stel om so die lewe en vryheid van sy burgers te verseker."*

# INSEËNING VAN DS PIET MAGAGULA IN SOSHANGUVE-NOORD

**L. Ijlst**

## *KERKNUUS*

**Hierdie afgelope jaar was 'n baie seënryke jaar vir die gemeente van Soshanguve-Noord. Hulle kon op 30 Maart die ampte instel en daarmee die gemeente amptelik institueer. Op Sondag 7 September kon proponent Piet Magagula ingeseën word as predikant van die gemeente.**

Die sendingwerk van die Vrye Gereformeerde Kerke in Soshanguve het begin in 1991. Ds Arjan de Visser het saam met evangelis Mogashoa begin om die evangelie te verkondig. Vanaf 1997 kon broeder Piet Magagula aangestel word as vaste voltydse medewerker. Vir homself het dit beteken dat hy 'n vaste werk moes opsê om 'n toe nog onsekere toekoms in te gaan. Vanaf die tyd het hy ook die studie teologie by die Mukhanyo Theological College begin volg met die doel om uiteindelik as predikant werksaam te kan wees. Op die sinode van Johannesburg in 2002 is hy ondersoek en beroepbaar gestel. Nadat die gemeente van Sohanguve-Noord geïnstitueer is, het hulle 'n beroep op hom uitgebring. Broeder Magagula het die beroep aangeneem.

Op Sondag 6 September 2003 het die amptelike inseëningsdiens plaasgevind. Die kerk het al vroeg begin volloop met gaste vanuit die naburige gemeentes. Ds Arjan de Visser het 'n preek gehou oor Kolossense 1:28-29. Die formulier vir die bevestiging van 'n bedienaar van die Woord is voorgelees in Noord-Sotho, waarna ds Magagula die hande opgelê is. Ds. Magagula het 'n preek gehou oor Josua 1, waar God aan Josua die opdrag gee om die volk te lei en die wet voor te hou.

Na afloop van die diens was daar 'n besondere feesprogram. Daar is onder andere gelukwensings uitgespreek deur die afgevaardigdes van die kerke van Pretoria, Maranata, Mamelodi en die sendinggemeentes van Soshanguve-Suid, Soshanguve-Sentrum en Nellmapius. Daar is briewe voorgelees van ander wat nie daar kon wees nie. Ds EA de Boer het namens die samewerkende kerke in Nederland gelukwensings oorgebring. Tussen al die gelukwensings was daar kort optredes van verskeie kore uit Soshanguve. Die samekoms is afgesluit met 'n feestelike maaltyd.

Wat daar in die toekoms sal gebeur is nog nie seker nie. Die gemeente sal aansluit by 'n klassis, en wil ook graag deelneem aan die gemeenskap van die kerkverband. Die gemeente neem ook haar sendingsopdrag ernstig op. Baie van die gemeentelede was betrokke by die evangelisasieprojek wat 'n paar maande terug in Soshanguve XX gehou is. Die nood in die gebied is groot, maar ons kon getuie wees van die deurgaande werk van die Gees. Ons wil u oproep om die gemeente van Soshanguve-Noord en haar predikant in u gebede te bly gedink. ¤



**Eienaar en uitgewer:**
**Stigting Woord en Wandel**

**Drukker: Printburo**
**Tel. (012) 335-9134**

**Kernredaksie: dr AJ de Visser (eindredakteur)**
**ds C Kleijn**
**J Moes**
**A Roos**
**Mev. M de Vries**

**Redaksie: Mev. M de Vries**
**Cunninghamlaan 1299**
**Waverley 0186**
**Tel. (012) 332-3168**

**E-pos: Kompas@Cybertrade.co.za**

**Nederland: Mev. H van de Weide**
**Oldenkottebrink 60**
**7544 LP Enschede**
**Tel. (053) 478 4561**

**Administrasie: Mev. ICW Buenk**
**Posbus 23931**
**Gezina 0031**
**Tel. (012) 331-3750**

**Elektroniese betalings:**
**Stigting Woord en Wandel**
**Nedbank Gezina**
**Takkode: 16 03 45**
**Rek. nr: 1603 031 820**
**Vermeld asb. u Naam & Lidnr**

**Intekengelde:**
**E-pos: R40 per jaar**
**Suid-Afrika: R80 per jaar**
**Nederland: Seepos •20**
**Lugpos • 30**

# VOLGELING OF MEELOPER?

**Dr AJ de Visser**

## *TEMA: NAVOLGING VAN CHRISTUS*

**Om Christus te volg is meer as om 'n bietjie met Hom saam te stap. Tydens Jesus se lewe op aarde was daar baie meelopers wat Hom goedgesind was en wat dit geniet het om sy preke te hoor en sy wonders te sien. Maar dit beteken nie dat hulle regtig volgelinge was nie. Wat beteken dit om Christus te volg?**

In Lukas 9:57-62 lees ons van drie persone wat oorweeg om Jesus werklik te volg. By die eerste een is dit baie duidelik. Hy kom uit eie inisiatief na Jesus toe en sê: "Here, ek sal U volg, waar U ook mag gaan!" Hierdie man soek nie 'n losvaste verhouding met Jesus nie, inteendeel, hy wil sy hele lewe aan Jesus toewy. Maar besef hierdie man wat hom te wagte staan?

Die Here Jesus se reaksie is opmerklik. 'n Mens kon verwag het dat die Here sê: "Man, ek is so bly dat jy My wil volg. Kom saam. Jy sal nie spyt wees nie!" Maar dit is nie wat die Here Jesus sê nie. Dit is amper asof die Here Jesus die man probeer ontmoedig: "Die jakkalse het gate en die voëls van die hemel neste, maar die Seun van die mens het geen plek waar Hy sy hoof kan neerlê nie."

Wat bedoel die Here met hierdie woorde? Kon Hy dan nêrens 'n blyplek of 'n slaapplek vind nie? Hy het tog baie vriende en ondersteuners gehad by wie Hy kon oorbly om te eet en te slaap? Dit is waar. En tog is daar 'n verskil. Jakkalse en voëls het vaste plekke waar hulle slaap, maar Jesus het nie 'n vaste tuiste in hierdie wêreld nie. Sy vaderland is nie in hierdie wêreld nie. Dit laat 'n mens dink aan die woorde van Hebr. 13:14 "Want ons het hier geen blywende stad nie, maar ons soek die toekomstige."

Die man sê vir Jesus: "Ek sal U volg waar U ook gaan". Maar waarheen is Jesus op pad? Op daardie oomblik was Jesus op pad na Jerusalem, en daarna via Golgota, op pad na die hemel toe. Dit is die finale bestemming van sy reis. As jy Hom wil volg, dan is dit ook jou finale bestemming. Dan sal jy daar die rus vind wat jou in hierdie wêreld nie gegun word nie.

**As jy Christus volg, sal jy soms besluite neem en dinge doen wat ander mense nie kan verstaan nie en wat hulle selfs kan irriteer. Maar vanuit die perspektief van die beloftes van Christus maak dit sin. Ons is nie geroep om meelopers te wees nie, maar volgelinge.**

***LEWENSDOEL***

As dit jou doel is om 'n lekker rustige lewe in hierdie wêreld te geniet, as dit jou doel is om jou verblyf in hierdie wêreld so gerieflik as moontlik deur te bring, met 'n mooi huis, 'n mooi kar en baie ander mooi dinge om te geniet, en 'n werk waarmee jy goed geld maak, wel, dan moet jy die Here Jesus *nie volg nie*. Beter gesê, dan *kan* jy Hom nie volg nie. En dan moet jy ook liewer nie voorgee dat jy dit doen nie. Want Hy is op pad na 'n ander bestemming. Hy is op pad na die Koninkryk van God en die pad soontoe is nie altyd rustig en aangenaam nie. Dit vra opoffering en kruisdra. Jy sal dinge doen wat ander mense laat kopskud en sê:"Jy is mal om so te lewe!" Christus volg kan beteken dat 'n mens dinge los wat vir ander mense belangrik is. Dit kan byvoorbeeld beteken dat jy 'n minder luukse lewe lei omdat God jou geld op 'n ander manier *beter* kan gebruik. Omdat daar ander mense is wat jou geld meer benodig as jyself. Omdat jy besef dat jou welvaart in die toekoms lê, in die Koninkryk van God.

Daar is 'n groot gevaar vir gevestigde Christene, en dit is, dat die hemel vir ons 'n soort van ouetehuis is waar ons eendag versorg sal word as die lewe verby is. Niemand sal sê dat dit sy lewensdoel is om in 'Huis Herfsblaar' of 'Ebenhaeser' te beland nie. Ons bly so lank as moontlik in ons eie huis. As dit regtig nie meer anders kan nie, dan, ja dan is ons bly dat daar darem ook 'n ouetehuis is. Baie mense dink op hierdie manier oor die Koninkryk van God. Die eintlike lewe is die lewe hier op aarde, maar as dit tot 'n einde kom, is dit darem 'n gerusstelling dat die Here Jesus 'n plekkie gereed het in die hemelse ouetehuis.

As ons so dink, is die hemel nie die doel van ons lewensreis nie, maar hoogstens die tweede beste opsie. As 'n mens egter die Here Jesus volg, is die hemel die doel van jou lewensreis. Dan leer jy om na daardie toekoms te verlang. Dit plaas die huidige lewe in 'n ander perspektief. Die dinge in hierdie lewe word minder belangrik en jy verlang na die ewige lewe saam met Christus en al sy uitverkorenes.

***DOOIES***

By die tweede persoon wat Jesus wil volg, neem Jesus self die inisiatief. Hy sê vir die man: "Volg My." Waarskynlik was dit iemand

wat ‘n losvaste verhouding met Jesus gehad het, iemand wat dikwels saam met Jesus was, maar nie voltyds nie. Jesus wil hê dat hierdie man meer ernstig raak. Hy moet die Koninkryk van God gaan verkondig. Miskien was hy een van die sewentig wat later uitgestuur word (Lukas 10).

Die broeder wil graag Jesus volg, hy het nie ‘n probleem daarmee nie. Maar hy vra nog ‘n bietjie tyd om sy sake te reël, want sy vader is pas oorlede en hy moet die begrafnis bywoon. En dan volg die skokkende antwoord van Jesus: “Laat die dooies hul eie dooies begrawe.” ‘n Mens is geneig om te sê: “As dit is wat gevra word, dan sê ek ‘nee dankie’. Jesus, gaan liewer voort sonder my!”

Maar kom ons probeer ons in die situasie indink, en dan nie soseer in die situasie van daardie persoon nie, maar in die situasie van die Here Jesus. Die Here moet voortgaan met sy Messiaanse opdrag. Die velde is wit om te oes. Mense moet die evangelie hoor. Jesus kan nie wag vir ‘n begrafnis nie! As die Koninkryk van God verkondig moet word, is dit belangriker as enigiets anders.

Dit is vir ons almal ‘n les. As Christus ons roep om Hom te volg, is dit belangriker as enigiets anders. Dan mag ons nie sê: “Ja, maar ek wil eers dit of dat nog doen” nie. Met ander woorde, ons mag die volg van Christus nie tot ‘n later oomblik uitstel nie. Die vraag aan elkeen van ons is dus: In hoeverre is ek besig om die volg van die Here Jesus uit te skuif na ‘n later stadium?

Kom ons neem die voorbeeld van jongmense wat dit oorweeg om hulle geloof te bely voor die Here en voor die gemeente. Party jongmense is geneig om dit uit te stel omdat hulle besef dat hulle lewe sal moet verander as hulle werklik verantwoordelike Christene wil wees. Hulle besef dat hulle oor naweke nie meer so kan uithang by bioskope en drinkplekke nie. Aan die een kant kan ‘n mens die jongmense se eerlikheid waardeer, maar aan die ander kant moet ons tog sê: As die Here jou roep, dan roep Hy jou *vandag*.

Laat ons oppas dat, terwyl die belofte om in die Here se rus in te gaan nog van krag is, dit nie miskien blyk dat iemand agtergebly het nie… (Hebr. 4:1)

***BELOFTE***

In Jesus se woorde ‘laat die dooies hul dooies begrawe’ sit daar ook ‘n belofte. Die dood, en die hele besig wees met die dood en met begrafnisrituele, raak in sekere sin irrelevant as ‘n mens besef dat Jesus die dood oorwin het. Dit is baie belangriker om mense van die dood te red as om diegene te begrawe wat alreeds gesterf het! As jy Jesus volg, laat jy as ‘t ware die dood agter jou en gaan jy oor na die lewe. Natuurlik sal jy nog steeds eendag sterwe. Maar so ‘n begrafnis is anders. Wie Jesus volg, ontvang die lewe al sterwe hy ook (Joh. 11:25).

Dit is verstaanbaar as mense dit tog moeilik vind om Jesus se woorde ‘laat die dooies hul dooies begrawe’ te aanvaar. Kon Jesus dan regtig nie die man toestemming gegee het om sy vader te begrawe nie? Was dit dan ook volgens die wette van Moses nie ‘n plig om familielede te begrawe nie?

Dit is belangrik om te onthou dat daar ook volgens die wette van Moses uitsonderings op die reël was. Die Nasireërs byvoorbeeld. Een van die voorskrifte vir die Nasireërs was dat hulle nie by ‘n dooie mog kom nie. “Aan sy vader of sy moeder, aan sy broer of sy suster - aan hulle mag hy hom nie verontreinig as hulle dood is nie; want die wyding van sy God is op sy hoof.” (Num. 6:6-7) Dieselfde geld vir die hoëpriester. Ook Hy is op ‘n spesiale manier aan God gewy. En omdat God die God van die lewe is wat niks met die dood te make het nie, mag Nasireërs en die hoëpriester nie met die dood geassosieer word nie.

En nou verander ons die woord effens: Nasireër word Nasaréner - volgeling van Jesus van Nasaret. In Lukas 9 sien ons so ‘n Nasaréner, iemand wat nie naby die dood mag kom nie omdat hy homself aan die Vors van die lewe gaan toewy. ‘n Nuwe-Testamentiese Nasireër, sou ‘n mens kan sê.

So beskou kan dit ‘n kragtige getuienis en ‘n indrukwekkende boodskap wees as hierdie man sy vader se begrafnis nie bywoon nie, omdat hy die Vors van die lewe volg!

As jy Christus volg, sal jy soms besluite neem en dinge doen wat ander mense nie kan verstaan nie en wat hulle selfs kan irriteer. Maar vanuit die perspektief van die beloftes van Christus maak dit sin. Ons is nie geroep om meelopers te wees nie, maar volgelinge.

*Hierdie artikel is ‘n vrye verwerking van ‘n preek van ds. H. Geertsma van Zuidhorn, Nederland. Vir nog preke van ds. Geertsma, kyk by* www.derank.nl*.* ¤

# LEWE EN WERK VAN THOMAS VAN KEMPEN: 1379 - 1471

**HH Schuring**

## *TEMA: NAVOLGING VAN CHRISTUS*

**Thomas van Kempen het deur die eeue heen bekend gebly met sy boek die *De Imitatione Christi* oor die navolging van Christus. Die boek is in tientalle tale vertaal, waaronder ook in Afrikaans, en het al honderde uitgawes belewe. Daar word beweer dat ná die Bybel, Thomas se *Navolging* die mees gelese boek in die wêreld is. Dit is genoeg rede om meer van hom te weet en aan sy geskrifte aandag te gee. In hierdie artikel wil ons iets meer vertel oor die lewe en werk van Thomas à Kempis, die belangrikste verteenwoordiger van die laat Middeleeuse vernuwingsbeweging, die 'Moderne Devotie', en afsluit met 'n evaluasie van sy werk.**

### *GEBOORTE EN BEGINJARE*

In die jaar 1379 of 1380 is Thomas Hermerken (of Hämerken, betekenis: hamertjie) in Kempen, naby die stad Keulen, gebore. Sy vader was 'n ambagsman, waarskynlik 'n silwer of goudsmid, waarvan die hamertjie in die familewapen getuig. Die moeder van Thomas was 'n vroom vrou en deur haar onderrig is sy kinderlike godsvrug en vroomheid ontwikkel. Thomas het 'n ouer broer gehad, Johannes, wat betrokke was by die stigting van die klooster Windesheim in 1387, geleë naby die stad Zwolle in Nederland. Net soos sy broer het Thomas hom aangespreek gevoel deur die religieuse en kerklike vernuwingsbeweging wat later bekend geword het as "Moderne Devotie", hedendaagse godsvrug of die beste aangedui deur hulle eie nuwe woord: 'ingetoënheid'.

Op 12 of 13-jarige leeftyd vertrek Thomas vanuit Kempen na die klooster Windesheim. Sy broer Johannes stuur hom, met 'n aanbevelingsbrief na Florens Radewijns te Deventer. Florens was een van Geert Grote se goeie vriende. In Deventer word Thomas opgeneem in die koshuis vir arm skoliere (domus pauperum) en word Florens Thomas se mentor. Florens Radewijns is ook die stigter van die eerste broederhuis in Deventer, waar die grondslag gelê is vir die latere huise van die "Broeders van de Gemene (Gemeenskaplike) Leven". Dit het bestaan uit 'n gemeenskap van leke wat nie die kloostergelofte afgelê het nie, maar gehoorsaamheid aan die rektor van die huis belowe het. Hulle wou lewe volgens die ideaal van die eerste Christelike gemeente soos beskrywe in Handelinge, (Hand. 4:32).

Die broeders en susters van die gemeenskaplike lewe het stelselmatig, metodies selfverloëning beoefen en het getuienis afgelê van hul onwaardigheid voor God. Met daardie onwaardigheid voor oë was hulle ernstig en nederig wat ook in hulle gedrag na vore getree het. Soms het dit die laglus opgewek as hulle op straat met neergeslane oë rondbeweeg en altyd met 'n sagte stem praat en vormlose donker klere gedra het. Alle nadruk het op die innerlike geval en was hulle aandag steeds op die Bybel gerig, daaruit is stelselmatig Bybeltekste oordink of sinsnedes uit 'n gebed.

### *INTREDE IN DIE KLOOSTER OP DIE AGNIETENBERG NABY ZWOLLE*

Nadat Thomas sy skoolloopbaan in 1399 voltooi het, keer hy eers na Windesheim terug en later na Zwolle. Met sy intrede in die Agnietenklooster was Thomas 18 of 19 jaar oud. Die klooster was geleë op 'n heuwel net buite Zwolle. Aanvanklik was die klooster 'n broederhuis maar in 1398 is dit omvorm tot 'n klooster vir "Reguliere kanunniken (wêreldlike geestelikes) van Windesheim" volgens die kloosterreël van Augustinus. Thomas se broer was die 'prior' (kloosterhoof) van gemelde klooster. Behalwe vir twee kort besoeke elders het Thomas hierdie klooster nooit meer verlaat nie en is hy daar in 1471 op 92-jarige leeftyd oorlede.

### *SKRYF EN VORMINGSWERK*

Na 'n lang novisiaat (proeftyd) doen Thomas in 1406 belydenis van sy ewige professie, maar eers in 1413 of 1414 word hy as priester gewy. In 1425 word Thomas benoem as subprior (onderhoof van die klooster). Dit het beteken dat hy verantwoordelik was vir die opleiding en vorming van noviete (jong kloosterlinge). In daardie tyd skrywe hy vir sy jong kloosterleerlinge tallose geeste-

like traktate, alles in Latyn omdat Latyn in daardie tyd die universele taal van die kerk en wetenskap was.

***OOR DIE NAVOLGING VAN CHRISTUS***

Thomas het ook begin om uitsprake en kernagtige Bybelspreuke te versamel wat in die kringe van die Moderne Devosie gangbaar was. In daardie tyd is dit genoem die geestelike aantekeninge boekie of *Rapiarium*. Met hierdie versameling lê Thomas die basis vir sy latere *De Imitatione Christi.* Vir twintig jaar voeg Thomas aan hierdie stigtelike traktate verbindende tekste toe, herskryf en redigeer sy werk in uiteindelik vier 'boeke' wat saam die *Navolging* vorm. Nog tydens sy lewe word sy werk gekopieër, versprei en gelees binne die kringe van die Moderne Devosie. In 1441 voltooi Thomas sy redigeerwerk van die *Navolging*. 'n Eksemplaar van die laaste redaksie (1441) met sy naam word bewaar in die Koninklike Biblioteek in Brussel. Nêrens skryf Thomas gemaklik oor die geloofsweg nie. In elke deel ontleed hy die moeilikhede en dring hy aan op 'n persoonlike beslissing. Tot vandag toe blyk hierdie boek vir baie mense 'n bron van geestelike rykdom te wees, met baie praktiese wenke vir die opbou van 'n persoonlike geloofslewe.

***ANDER SKRIFTELIKE NAGELATE WERKE***

Tydens sy lang lewe het Thomas heelwat traktate en stigtelike werke geskryf. In totaal staan daar 39 werke agter sy naam. Die rektor van die Gymnasium Thomaeum in Kempen, Michael Josephus Pohl, het tussen 1902 en 1922 'n 7-delige uitgawe van die versamelde werk van Thomas, die *Opera Omnia* uitgegee. Wat ook interessant is, is dat Thomas 'n kroniek oor die Agnietenberg klooster geskryf het. 'n Onlangse Nederlandse vertaling is deur Udo de Kruijf uitgegee met die titel *Een klooster ontsloten*, (Kampen, 2000).

***WAARDERING EN KRITIEK***

Thomas van Kempen is deur sy tydgenote geroem vir sy groot belesenheid en welsprekendheid. Hy was egter nie 'n wetenskaplike en diepsinnige navorser nie. Hy het hom toegewy op die terrein van mistieke en praktiese godsvrug. B Wielinga skryf van hom: "Sy taalgebruik is fyn, 'n sangerige, liriese Latyn. Die geheime bekoring van Thomas se taal bestaan daarin, dat dit orals die indruk skep dat dit opborrel uit suiwer bronne, onpeilbaar diep. Dit is 'n edel genot om na hierdie man van God te luister. Dit is vrome musiek, in veelvoudige skakering".

Sy beroemdste werk: *de Imitatione Christi* het ingang gevind by mense van verskillende geloofsoortuigings, allereers in Rooms-Katolieke kringe. Onder Protestante het die *Navolging* ook waardering gevind. Luther verklaar in 1532: "Ek Martin Luther getuig met my eie hand dat ek niks onchristeliks in hierdie boekie vind nie. Mag God gee dat al die kloosters Gods Woord so ernstig wil leer en onderhou". Voetius het dit 'n "goue boekie" genoem alhoewel hy ook kritiek gehad het. Die Groninger-rigting in Nederland het in die *Navolging* die ideaal gesien van 'n gemoedelike eg-Nederlandse vroomheid.

Oor baie dinge wat Thomas geskryf het kan ons van harte saam stem, soos die pragtige begin van sy *Navolging*:

"*Wie my volg wandel nie in die duisternis nie*, sê die Heer,
Dit is die woorde van Christus waardeur hy ons vermaan
Sodat ons sy lewe en lewensgedrag sal volg.
as ons waarlik verlig wil word,
en bevry van alle verblindheid van die hart.
Laat daarom ons hoogste strewe wees
om oor Jesus se lewe te peins.
Sy leer styg bo die leringe van alle heiliges uit
En wie die Gees besit, *sal verborge manna daarin vind*.
En tog gebeur dit dat talle, terwyl hulle dit dikwels hoor,
maar weinig tot die Evangelie aangetrokke voel,
omdat hulle die Gees van Christus mis.
Wie egter die woorde van Christus ten volle, met insig wil verstaan,
behoort te strewe om sy hele lewe aan Hom gelykvormig te maak".

*Vertaling uit Latyn deur dr A S Geyser: Die Navolging van Christus, 1952*

***KRITIEK***

Ons kan dit waardeer dat Thomas hom beywer vir 'n konsekwente lewensheiliging, maar andersyds het verskillende mense daarop gewys dat Thomas in sy werk die geloof te eensydig voorstel. Die regverdigmaking deur Christus word omtrent nie aangespreek nie. 'n Mens kan selfs praat van 'n reduksie van Christus se genoegsaamheid insake sy versoeningswerk en juis op hierdie punt is die *Navolging* teleurstellend. Daar is ook min aandag vir die werk van die Heilige Gees en verder is daar onmiskenbaar 'n sterk wettiese inslag by Thomas te bespeur. Sy aanhoudende aandrang om alle begeertes af te sterf roep ook vraagtekens op, asof daar geen goeie begeertes sou wees nie. Sy voortdurende teenstelling tussen die hemelse en die aardse dinge, waarby die aardse meesal as sondig en verwerplik getipeer word, bring die opdrag tot uitoefening van die kultuurmandaat in gedrang. Sy neiging tot afsondering met vermyding van menslike kommunikasie, toon 'n asketiese inslag wat werklik nie navolgingswaardig is nie, want hy baseer dit op 'n aanhaling van Seneca.

"Die grootstes onder die heiliges het, waar hulle kon menslike troos vermy,
en verkies om verborge met God te leef.
Iemand (Seneca) het eenmaal gesê:
*Telkens as ek onder mense was, het ek (as) 'n mindere mens teruggekeer.*
Dis dikwels ons ondervinding ook, as ons lank in geselskap was.
Dis makliker inderdaad om stil te bly,
Dan in woorde nie buite die perk te gaan.
Dis makliker om tuis jou skuil te hou, dan daarbuite

jou voldoende te bewaak.
Wie dan daarop mik om die innerlike geestelike lewe te bereik,
Moet hom saam met Jesus van die skares afwend"
*Boek 1, hoofstuk XX par 1.*

Daar is mooi Bybelse uitsprake en vermanings in die *Navolging* oor die oproep en toepassing van die lewensheiliging, maar dit bly eensydig en die pelgrimsgedagte word steeds aanbeveel. Dit beteken uiteindelik: 'n wegvlug uit die konkrete lewe met 'n 'boekske in een hoekske'. Die mistieke inslag van sy werk tree duidelik na vore en is in wese onskriftuurlik. Hoe moet ons dan maak? Hoe moet ons in die wêreld staan en tog nie van die wêreld nie.

Daar is verontrusting oor die kerklike ontwikkeling binne die Vrygemaakte Kerke in Nederland. Die artikel van ds Bijzet in verlede maand se uitgawe van *Kompas* het daarna verwys. Konkreet is dit aangewys in die herdenkings uitgawe oor die Vrymaking: *Vrijmaking – Wederkeer: Vijftig jaar Vrijmaking in beeld gebracht 1944 – 1994*. J. Douma skets die uitwendige deformasie verskynsels by baie vrygemaakte kerklede en noem dat die televisie een van die grootste oorsake is van toenemende sekularisasie by kerklede. Offervaardigheid verminder en die besondere amp van ouderling en diaken word toenemend as 'n las beskou. Daarteenoor is daar verlange na genot (hedonisme) wat veroorsaak dat laste, lyding en pyn moeilik aanvaar word. Ons is kinders van ons tyd en is nie immuum teen verkeerde invloede nie. Dit sou leersaam wees om te weet hoe die sondagse prediking onder ons funksioneer, watter uitwerking dit het – deurgaande reformasie of 'n handhawing van die status quo?

Toenemend word besef dat die gereformeerde lewenstyl en lewensheiliging by baie kerkmense dreig om verlore te gaan. Wat is die remedie of medisyn? Kan die *Navolging* van Thomas van Kempen, wat so sterk die lewensheiliging beklemtoon 'n wal opwerp, genesing bewerk teen die sekularisasie. Moet ons terug na 'n verborge lewe met God of meditasies en gebede in die styl van die "ou skrywers" van die Nadere Reformasie? In die opsig het K. Schilder 'n suiwerder en meer skriftuurliker aanduiding gegee oor die Christen se taak en roeping in die uitoefening van sy amp in die wêreld:

"Wat is die amp in die kring van die genadeverbond? Die amp is nie: 'n onttrekking van 'n religieus-bevoorregte mensekind, met sy kwaliteit- en klasse voorregte in die hoë eensaamheid, waar God hom laat vind (soos in die misteriekultusse) om met Hom in 'n mistieke-unie te versmelt nie. Die amp is omgekeerd: 'n uitgaan van 'n geroepe mens, in wie die kwalitatiewe bevoorregting, dadelik omgeskakel word na 'n gemeenskapsdiens opvorderende roeping. Dit is om die "Gabe" (wat hy van God ontvang het) dadelik te verdiskonteer in 'n "Aufgabe" (wat hy aan ander moet gee uit naam van God). Hierdie amp is opdrag om as God se geroepene, uit die intimiteit

*'n Afskrif van twee bladsye uit die Brusselse Manuskrip van 1441, wat deur Thomas A Kempis geskryf is.*

van die individuele oefening van gemeenskap met God uit te tree en in te gaan tot die breë menselewe, om daar die seën oor ander te bring.

**'Het ambt is geen slurpen van genadevocht, maar het is een laten uitstroomen van het water des heils naar de anderen toe'.**

Die amp is geen aristokratiese vereensaming van die ingewyde siel tot louter alleen die ontvang van God se genade in 'n binnekamer en die vensters te sluit vir die wêreld nie, maar die amp is, sowel in die Ou- en Nuwe Testament, ontlening en oefening van krag in en tot 'n bepaalde werk van missie …. om na die stad van die mense te gaan en na die diepe dal van geboë lewens af te daal en die wêreld in Gods naam te gee, wat die ampsdraer self ontvang het". *(Vertaal uit: Christus aan den ingang van Zijn lijden, bl 190,191).*

Bogenoemde sluit aan by vraag en antwoord 32 van die Heidelbergse Kategismus en artikel 23 van die Kerkorde: Die amp van die ouderlinge is … en om ook ander (buitestaanders - ongelowiges) tot die Christelike godsdiens op te wek. Hiermee hang ook saam ons visie op die verbond. In die boek *Het Nieuwe Testament Boek van het Verbond* deur dr C van der Waal, stel die outeur dat as ons die verbond as 'n visie, 'n deursnit of as 'n aspek beskou, dan gee ons die feite prys. Die Here openbaar Hom as die God van die verbond aan sy volk (in belofte, bevel en bedreiging) en so wil Hy bely word. 'n Ander visie is nie moontlik vir diegene wat die Skrifte, die boeke van die Ou en Nuwe verbond respekteer. Ons kan die verbond nêrens uitskakel nie …. Erken ons dit nie dan word ons onherroeplik in die arms van metodisme, spiritualisme of liberalisme gedryf. Die toestand waarin die teologie en die kerklike lewe by regs en links verkeer, is bewys daarvan, *(pp.120,121 – vertaal in Afrikaans).* In die verbond word die bondeling opgeroep tot 'n belewing en uitoefening van sy drievoudige amp op alle terreine van die lewe. ¤

# NAVOLGERS VAN GOD SOOS GELIEFDE KINDERS

**Ds. E Viljoen**

## *TEMA: NAVOLGING VAN CHRISTUS*

**God as voorbeeld (Efesiërs 5:1). Dit is aan die orde wanneer gepraat word van die navolging waartoe ons as Christene geroep word. Die konkrete uitwerking van die opdrag om die Here ons God lief te hê met ons hele hart, siel, verstand en krag en ons naaste soos onsself. Ons bewys van liefde het 'n duidelike voorbeeld in God en Christus. Navolging maak ons bewys van liefde konkreet. Dit voorkom dat liefde 'n abstrakte filosofie word. Navolging van Christus laat sien hoe radikaal ons liefde en gehoorsaamheid moet wees.**

### *GOD EN CHRISTUS AS VOORBEELD*

Veral in die vroeë kerk, het navolging van Christus gestalte gekry in *martelaarskap*. Navolgers van Christus moes Hom in sy dood volg. Op hierdie manier was daar 'n duidelike band tussen die Verlosser aan die kruis en die gelowiges. Tog bly die navolging dan nie vir almal in die gemeente 'n werklikheid nie. Toe die Christendom in 'n bevoorregte posisie as staatsgodsdiens kom, het die martelaarskap in 'n groot mate tot 'n einde gekom. Die navolging word dan steeds net vir enkeles gereserveer. In die plek van die martelare het die *kluisenaars* gekom. Die monnik en die non vervang die martelaars as navolgers. In hulle afgesonderde lewe van die wêreld, in armoede en ongetroud, wou hulle navolgers van Christus wees. Deur meditasie oor die wonde van Christus, kom talle so ver as om hierdie wonde in hulle eie liggame sigbaar te laat word. Ons ken dit as die sg. *stigmata*. Navolging van Christus laat littekens. Dit laat littekens vanweë die weerstand teen Christus. Maar die "littekens van die Here" wat Paulus gedra het, het hy nie gekry deur hom af te sonder van die wêreld nie, maar juis in die volle werklikheid daarvan te staan en te leef uit die evangelie van Christus.

Hoe moet ons dan die oproep om Christus na te volg, verstaan? Ons moet nie dink dat ons die spesifieke woorde gereeld in die Skrif vind nie. Laat ons nie op die klank van woorde afgaan nie. In die Skrif is daar 'n besondere oproep van Christus tot sy dissipels om Hom te volg. Hulle moes hul beroep as vissers laat en heel letterlik agter Hom aangaan (o.a. Matt. 8:22; 9:9). Die navolging waaroor ons dit egter het, gaan oor 'n veel meer omvattende saak. Dit gaan oor die hele voorbeeld wat Christus vir ons nagelaat het.

In sy lewe op aarde het Hy vir ons 'n sekere lewensstyl en gesindheid gewys. Hy gaan ons voor. Ons sien dit veral in sy gesindheid as dienskeg (Fil. 2:5-7). As Hy wat ons Heer en Meester is, die voete van sy dissipels gewas het, behoort ons ook mekaar se voete te was (Joh. 13:14 en 15). Hy het ons 'n voorbeeld gelaat om te doen net soos Hy gedoen het. Hy is natuurlik veel meer as net 'n voorbeeld. As ons Christus wil navolg, sal ons ewe veel aan Hom "deel moet hê" (Joh. 13:8). En om deel aan Hom te hê, moet Hy ons was; deur geloof moet ons aan Hom verbind wees. Dit wat Christus juis as dienskneg vir ons deur sy lyding verwerf het, moet die krag wees waaruit ons Hom navolg. Ons navolging is tegelyk deel van die verlossing wat Christus vir ons uitdeel.

Navolging van Christus is daarom geen nabootsing van wat Hy vir ons gedoen het nie. Die lyding en sterwe van Christus is uniek. Onherhaalbaar. Ons kan nie "nadoen" wat Jesus gedoen het nie. Ons mag ook nie. Ons lewens moet nie 'n kopie wees van wat Hy gedoen het nie. Dit is nie die manier waarop Christus se lewe verloop het, wat ons moet probeer herhaal nie. Nie sy lewensverloop nie, maar wel sy *lewensstyl*. Elkeen wat sê dat hy in Christus en sy liefde bly, moet self ook só lewe soos Christus geleef het (1 Joh. 2:6). Jesus se offer hoef nie oor gedoen te word nie. In die manier waarop Hy sy unieke offer gebring het, is Hy wel vir ons 'n voorbeeld.

Die liefde is die vervulling van die wet. As ons nou die wet volbring deur in liefde te leef, sal ons liefde wel die "styl" moet aanneem van die voorbeeld wat Jesus vir ons nagelaat het. Dit gaan veral oor die *gesindheid* van sy liefde – 'n gesindheid wat ons kan sien in sy selfverloëning, nederigheid en ootmoed. Die gesindheid wat in Jesus was, moet ook in ons wees (Fil. 2:5). Hy wat in die gestalte van God was, het Homself leeg gemaak deur die gestalte van 'n dienskneg aan te neem. Hy was gehoorsaam tot die dood aan die kruis (Fil. 2:7-8). Ons word nie in hierdie gedeelte opgeroep om Christus se menswording en lyding "oor te doen" nie. Elkeen van ons moet sy eie taak en roeping doen met dieselfde gesindheid waarmee Christus sy unieke taak gedoen het.

***NAVOLGING EN ARMOEDE***

Wat hou hierdie navolging van Christus konkreet vir ons vandag in Suid-Afrika in? Ons konteks is die van grootskaalse armoede. Hoe sal ons as navolgers van Christus moet optree? Oor 'n bekende "navolger", Franciscus van Assisi, skryf prof. K Schilder 'n opmerklike artikel. In Franciscus se navolging word daar 'n belangrike plek ingeruim vir die ideaal van armoede. Schilder het 'n fyngevoelige oog gehad vir die verering van Franciscus deur protestante tydens die Franciscusherdenking van 1926. In sy reaksie wil Schilder hom nie keer teen Franciscus self nie, maar wel teen die verering van die man. Vir Franciscus self het Schilder veel waardering. Die verering van Franciscus is egter totaal onvanpas. Veral omdat talle van sy vereerders nie doen wat Franciscus gedoen het nie. Schilder vind onder die "lofredenaars" nie 'n enkele "broederbedelaar" nie. Die vereerders kan die mooiste dinge skryf oor die navolging van Franciscus, maar sal self "*'n paar uur later in 'n mooi bed lê, gestileer volgens Louis XIV*". Schilder vind dit goedkoop lof wanneer die vereerders nie self die weg van armoede volg nie.

Tog bly Franciscus vir Schilder 'n dwaalleraar. Nie omdat hy met hierdie uitspraak die hemel vir Franciscus wou toesluit nie. Die dwaling van die armoede-ideaal is volgens Schilder in die eerste plek 'n belemmering om die wêreld in te gaan! Dit verhoed ons om deur die lewe te gaan soos God dit wil. Franciscus het deur sy armoedeideaal homself verhoed om navolger van God en Christus in hierdie wêreld te wees. Franciscus het die armoede liefgehad en die legende gevestig dat Christus selfs die Bruidegom is van armoede. Dit is gewoon nie waar nie. Christus het wel die *armes* lief, maar nie die *armoede* nie! God haat armoede. Dit is God se werk om juis ryk te maak!

As Franciscus sy besittings weggee vir die armes, doen hy goed. Wanneer hy dan daarna op die armoede self verlief word, gaan hy reguit in teen God en sy genade. Armoede is juis bedoel om uitgeroei te word soos dorings en dissels en die dood. Elkeen wat die getal van die armes met een vermeerder, bedek die evangelie van dié God wat die armes ryk wil maak. Rykes moet hul besitting met die armes deel. Geseënd is elkeen wat sy roeping raaksien om sy arm naaste te dien met sy geld en besittings. Dit is egter 'n dwaling om armoede tot eis te maak in ons navolging van Christus. Wie siek is moet nie op die siekte verlief word nie en ewe min op die medisyne. Schilder sou wou dat Franciscus verlief word op die verering van Christus se wonde wat volmaak genees is toe Hy gaan sit het aan die regterhand van die Vader in die hoogste hemel. As verheerlikte Christus, kom Hy elkeen wat in Hom glo ten goede.

***NAVOLGING EN LITTEKENS***

Franciscus word veral ook bekend deur die littekens van Christus (*stigmata*) wat aan sy liggaam verskyn het. Deur sy mistieke meditasie oor Christus se lyding, "pryk" die wonde van die gekruisigde Christus aan sy hande. Schilder wil ook beklemtoon dat daar by elke gelowige veranderings moet plaasvind. Hy verwys na die "metamorfose" waarvan die apostel Paulus praat: "*Terwyl ons met onbedekte gesig soos in 'n spieël die heerlikheid van die Here aanskou, word ons van gedaante verander na dieselfde beeld, van heerlikheid tot heerlikheid, as deur die Here wat die Gees is*" (2 Kor. 3:18). Paulus weet van die Gees van God wat ons verander. Nie volgens die model van die gekruisigde en verwonde Christus nie, maar juis vanuit die beeld van die *verheerlikte* Christus. As verheerlikte Christus is Hy totaal genees in sy heerlikheid, om ons weer te bring tot die heerlikheid wat ons moet wees. Franciscus wil die trane, sweet en bloed van Christus in 'n kruik bewaar, maar God wil *ons* trane in sý kruik bewaar (Psalm 56). Franciscus se "littekenwerwing" is nie evangelies nie, maar gaan teen die evangelie in.

Paulus het dit ook nog gehad oor ander littekens van ons Here Jesus wat hy letterlik in sy liggaam gedra het (Gal. 6:17). Dit is "stigmata" wat grootliks verskil met Franciscus se littekens! Paulus doen sy littekens op *al werkende*. Franciscus stop sy sendingwerk waarin die evangelie van Christus verkondig word, wanneer hy sy stigmata kry. Paulus se littekens kry hy van sy volksgenote, die Jode, wanneer hy die evangelie uitdra na die heidene. Franciscus se stigmata word iets "aanskoulik en aanneemlik". Paulus se littekens getuig teen die Jode wat die evangelie nie na almal wil laat uitgaan nie.

Navolging van Christus, beteken volgens Schilder dat ons soos Paulus teen alle teenstand in, die wêreld moet ingaan met die evan-

gelie van Christus: "*Ons moet in die wêreld wees en op die breë straat stry vir God. Want Christus is gedood, nie op die smal weg nie, maar op die breë. In die midde van die wêreld. En wie in die wêreld is en tog nie 'van' die wêreld nie, hulle is die gestigmatiseerdes*".

Navolging met 'n prys - *Nachfolge*
Elf jaar na Schilder se artikel, verskyn vir die eerste keer Dietrich Bonhoeffer se *Nachfolge*. Bonhoeffer het lesings aan studente van die "Belydende Kerk" by die seminarie in Finkenwalde (Duitsland) gegee. Dit gebeur te midde van politieke en kerklike ontwikkelinge onder die regering van Hitler. Sy boek "Navolging" is die vrug van hierdie lesings. In hierdie boek protesteer Bonhoeffer teen wat hy "goedkoop genade" noem. Goedkoop genade is die dodelikste vyand van die kerk. Goedkoop genade is genade sonder 'n prys. Goedkoop genade kom neer op 'n ontkenning van die lewende Jesus Christus wat mens geword het. Wanneer Christus ons roep om na te volg, dan roep Hy ons om te kom sterf. Daar is verskillende maniere om te sterf, maar die essensie van navolging word wel in die oproep om te sterf uitgedruk. Goedkoop genade is 'n regverdiging van die sonde sonder die regverdiging van die sondaar. In die plek van die navolging van die Lewende Christus, wil die Christen slegs die troos geniet van die regverdiging van sy sonde. Dit is goedkoop genade. Genade wat die sondaar nie laat skei van sy sondige weg nie.

"*Goedkoop genade is die prediking van die vergewing van sonde sonder berou, dit is doop sonder kerklike tug, dit is nagmaal sonder belydenis van ons sonde, dit is absolusie sonder persoonlike bieg*". Duur genade konfronteer ons met die genadige oproep om Christus te volg; om sý juk op ons te neem en sý las te dra. Die kloosterlewe van die Middeleeue was bedoel as protes teen die versekularisering in die kerk. Dit het egter grootliks bygedra tot die goedkoop maak van genade. Genade word deur die klooster-ideaal beperk tot die prestasie van 'n uitgesoekte klein groepie met 'n meriete van sy eie.

Die koms van die Reformasie van die 16de eeu bring hierin 'n verandering. Bonhoeffer beklemtoon dat slegs die een wat Christus in gehoorsaamheid volg, ook glo. Navolging is 'n opdrag wat tot elke Christen kom, sonder enige onderskeid. Die klooster-ideaal het die nederige roeping van navolging verander in 'n verdienstelike werk van "heiliges". Die selfverloëning van navolging moes plek maak vir die selfhandhawing van die "godsdienstiges". Volgens Bonhoeffer kon Luther eers God se genade aanneem, toe die hele wêreld van die kloosterlewe in duie gestort het. Luther het besef dat hy wat gedink het hy volg Christus die klooster in, nou juis Christus moet navolg die wêreld in. Die selfverloëning van Luther toe hy die klooster ingegaan het, was maar kinderspeletjies in vergelyking met wat hy moes doen toe hy Christus uit die klooster gevolg het.

Eers wanneer ons ons plek vierkantig in die wêreld agter Christus aan gaan inneem, volg die volle prys van die navolging. Die enigste manier om Christus na te volg, is om in die wêreld te leef. Navolging word nie gereserveer vir 'n klein groepie heiliges nie, maar word deur Bonhoeffer gesien as die roeping van elke gelowige. Navolging van Christus het te doen met gehoorsaamheid in ons daaglikse roeping. Dáár kom die duidelike konflik tussen 'n wêreldse lewe en 'n lewe in geloof die skerpste na vore. In ons daaglikse roeping kom die gelowige van aangesig tot aangesig in stryd met die wêreld. Nie die regverdiging van sonde nie, maar die regverdiging van die sondaar, het Luther uit die klooster gedryf. Genade met 'n prys. Hierdie genade het van Luther die prys van sy lewe gevra. Elke dag weer.

Navolging beteken vir Bonhoeffer dat my hele lewe te staan kom in die lig van Christus se menswording. Die lewende Jesus Christus moet nagevolg word, juis omdat Hy mens vir ons geword het. As Middelaar kom staan Christus nou nie net alleen tussen my en God nie. Hy kom neem ook sy plek in tussen my en die wêreld. Tussen my en my volk. Christus tussen my en my roeping van elke dag. Ek kan en mag met niks meer besig wees sonder om Christus radikaal na te volg nie. Hierdie navolging laat my my plek inneem teenoor die wêreld in die gemeenskap van die heiliges. Christus eis van ons ons sigbare plek in die gemeente van die gehoorsames. Tussen hierdie gemeenskap van die heiliges en die wêreld, loop daar 'n heel skerp skeidslyn.

Tussen Schilder en Bonhoeffer, is daar groot ooreenkomste in hul sig op die navolging van Christus. Albei beklemtoon tereg dat ons ons plek moet inneem agter Jesus aan wat die lig is vir die wêreld. Tussen Schilder en Bonhoeffer lê daar egter ook die kloof van die gehoorsaamheid aan die Skrif as Woord van God. Schilder wil die navolging konkreet maak deur te luister na wat Christus in sy Woord sê. Dít is werklik duur genade! Christus wat reg het op sy gemeente wat na Hom alleen wil luister. In ons dag het ons hierdie navolging so dringend nodig. Navolging van alles wat Christus ons geleer het in sy Woord. Een met die apostel Paulus wat die littekens gedra het toe hy die Woord van Christus gehandhaaf het teen die ongeloof van Jood en Griek. ¤

# Wat Sou Jesus Doen?

**W. Kleijn**

*TEMA: NAVOLGING VAN CHRISTUS*

**"...Ek het nou die aand 'n aantal mense by 'n kerk gebedsvergadering hoor sing,**

**Alles vir Jesus, alles vir Jesus,**
**Al my wese se verloste kragte,**
**Al my gedagtes, en al my dade,**
**Al my dae, en al my ure.**

**"Terwyl ek buite op die stoep gesit het, het ek aanhoudend gewonder wat hulle presies daarmee bedoel. Dit lyk vir my of daar 'n afgryslike groot hoeveelheid ellende in die wêreld bestaan, wat nie daar sou gewees het as alle mense wat daardie soort liedere sing, daardie woorde in die praktyk gebring het nie. Ek neem aan dat ek nie mooi verstaan nie. Maar wat sou Jesus doen? Is dit wat julle daarmee bedoel om in sy voetspore te volg? Dit lyk vir my somtyds of die mense in groot kerke duur klere en mooi huise het om in te woon, geld het om aan weeldeartikels te spandeer, en weg kan gaan vir somervakansies en al daardie tipe dinge. Terwyl die mense buite die kerk, ek bedoel duisende van hulle, wat in huurkamers sterwe, op die strate loop vir werk, nooit 'n klavier of 'n prent in die huis het nie, en groot word in ellende en dronkenskap en sonde."**

Dis die woorde van 'n boemelaar in Charles M Sheldon se boek, *In His Steps*. In hierdie boek, wat oorspronklik in 1896 uitgegee is, beskryf Sheldon 'n dominee se droom vir herlewing in Amerika. Die fiktiewe storie vertel hoe 'n dominee, Ds. Henry Maxwell, na aanleiding van bogenoemde woorde en die skielike dood van die spreker, sy gemeente oproep om 'n gelofte aan te gaan dat hulle vir 'n jaar lank elke besluit wat hulle neem sal toets aan die vraag "wat sou Jesus doen?" Daarna moet hulle Jesus volg, na die beste van hulle vermoëns, sonder om ag te slaan op die gevolge daarvan. Alle lidmate wat daardie gelofte aangaan, toon ongelooflike veranderings in hul lewens. 'n Besigheidsman begin skielik omgee vir sy werknemers en 'n koerant se hoofredakteur besluit om slegs opbouende artikels te plaas, geen advertensies vir tabak of alkohol te plaas nie, en nie meer 'n Sondag oplae te publiseer nie. Die lidmate ondergaan met ander woorde 'n drastiese verandering wat selfs die lewens van die mense om hulle heen beïnvloed.

Hierdie verhaal was ook die inspirasie vir 'n jeuggroep van die Calvary Reformed Church of Holland, Michigan. Hierdie jeuggroep wou hul gemeenskap beïnvloed vir Christus. Hulle wou die vraag "wat sou Jesus doen?" toepas in hul lewens. Om hulself daaraan te herinner het hulle armbandjies gemaak met die letter "WWJD" (die afkorting vir "What Would Jesus Do" – Wat Sou Jesus Doen). Hierdie armbandjies het gou die aandag van hul vriende en familie getrek. Binne 'n kort tydjie het die hele dorp die armbandjies begin dra. Nie lank daarna nie, is die armbandjies in massaproduksie vervaardig en het dit gelei tot die groot gier wat dit vandag is.

In alle waarskynlikheid het nóg Sheldon, nóg die jeuggroep bedoel dat WWJD so 'n groot gier sou word. Hulle wou slegs mense oproep om Christus na te volg en te lewe volgens God se wil. Hulle wou hul samelewing positief beïnvloed deur hul Christelike gedrag. Hulle het die woorde van 1 Petrus 2:21, "Want hiertoe is julle geroep, omdat Christus ook vir julle gely het en julle 'n voorbeeld nagelaat het, sodat julle sy voetstappe kan navolg," ter harte geneem.

***MOET ONS WERKLIK DOEN WAT JESUS SOU DOEN?***

Na aanleiding van 1 Petrus 2:21, klink dit dalk soos 'n baie snaakse vraag. Tog is dit 'n vraag wat baie in Gereformeerde kringe bespreek word wanneer WWJD armbandjies bespreek word. Een outeur het so ver gegaan om die stelling te maak dat dit feitlik onmoontlik is om te doen wat Jesus gedoen het. Ons is mos nie God nie? Ons kan mos nie self vir ons sondes sterwe soos Christus dit gedoen het nie? Reaksies op daardie outeur het tereg op tekste, soos die in 1 Petrus 2:21, gewys om aan te dui dat die Bybel Jesus duidelik ook as voorbeeld vir ons stel. (Sien ook Matt 16:24; Joh 13:14-15; Rom 15:1-6; Gal 5:22-25; Ef 5:1-2, Fil 2:5; 1 Thess 1:6; 1 Pet 4:1,13; 1 Joh 2:6; 1 Joh 3:16).

'n Ander outeur het die vraag op 'n ander manier gestel. Die outeur het Sondag 1 van die Heidelbergse Kategismus as beginpunt geneem. Daardie Sondag wys duidelik op Christus se verlossende werk vir ons, in plaas van dit wat ons moet doen om Christus na te volg. Hy stel voor dat ons eerder

armbandjies moet dra met EVC – Eiendom Van Christus – daarop geskryf. Hiermee waarsku hy vir die neiging om te fokus op ons goeie navolging van Jesus se voorbeeld pleks van op dit wat Jesus vir ons gedoen het.

Sonder om die waarskuwing van bogenoemde outeur te ignoreer, kan ons egter na aanleiding van bogenoemde tekste, die gevolgtrekking maak dat ons deur God opgeroep word om Christus in ons hele lewe na te volg.

***HOE WEET ONS WAT JESUS SOU DOEN?***

Hierdie is 'n uiters belangrike vraag. Die vraag word ook in Sheldon se boek gevra. Ds. Maxwell beantwoord die vraag soos volg: "Daar is geen manier waar ek van weet, behalwe as ons Jesus bestudeer deur middel van die Heilige Gees." Daarna haal hy Jesus se woorde in Joh 16:13,14 aan: "Maar wanneer Hy gekom het, die Gees van die waarheid, sal Hy julle in die hele waarheid lei..." In die verloop van die boek beskryf Sheldon hoe die gemeentelede gereeld bid en mekaar hierin ondersteun. Op hierdie manier ontvang hulle leiding van die Heilige Gees oor hoe hulle hulself moet gedra.

Dit sou Sheldon se boek 'n oneer aandoen om te sê dat hy nie God se Woord in ag geneem het nie. Sheldon haal gereeld 'n Bybelvers aan die begin van sy hoofstukke aan. Die gedrag wat die karakters in die boek openbaar is ook duidelik op die skrif gebaseer. Dit is egter opvallend dat, behalwe die gebruik van tekste vir die preke wat Ds. Maxwell (en ander dominees) volgens die boek hou, daar geen aanduiding is dat die mense hulself tot God se geopenbaarde Woord gewend het nie. Hulle is afhanklik van die buitengewone werking van die Heilige Gees.

Volgens sommige outeurs is dit ook die swakpunt van vandag se WWJD gier. Volgens hulle weet baie van die wat die bandjie dra nie eintlik wat dit beteken nie. Hulle besluit wat Jesus sou doen is gebaseer op hul eie gevoelens van wat reg en verkeerd is.

Alhoewel die vraag verkeerd beantwoord word deur baie mense vandag, beteken dit nog nie dat ons glad nie die vraag kan of mag vra nie. Soos in voorafgaande stuk bespreek, gee die Bybel ons die opdrag om dit te vra. Laat ons egter in navolging van Christus God se Woord bestudeer, om sodoende Hom beter te leer ken en Hom beter te kan dien.

***ARMBANDJIES?***

'n Ander punt van kritiek wat gereformeerdes teen die WWJD gier het is juis dit – dit is 'n gier. Almal wat deel is van die gier dra armbandjies of nekbandjies, somtyds sonder om stil te staan by die werklike

betekenis daarvan. Een outeur noem die armbandjies selfs 'n afgod. Dit is onmoontlik om te beweer dat hierdie armbandjies slegs vir die verkeerde redes gedra word. Indien dit net as 'n modegier gedra word, het dit geen betekenis nie. Ons kan dit egter ook dra met die doel om daarmee God te eer. Die naam "Christen" is al so baie misbruik deur valse Christene, maar dit keer ons nie om die naam eie te maak nie. Net so hoef ons nie daarvan weerhou te word om die armbandjies te dra nie. Mits dit nie ook ons afgod word nie.

'n Ander outeur noem dat hy dit sou verkies as God se wil eerder op mense se harte geskryf sou wees. Dit is ook God se plan vir sy volk: "hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees" (Deut 6:6). God wil hê dat ons Hom met ons hele wese moet liefhê. Hy besef egter dat sy volk deurentyds daaraan herinner moet word: "Ook moet jy dit as 'n teken bind op jou hand, en dit moet as 'n voorhoofsband tussen jou oë wees. En jy moet dit op die deurposte van jou huis en op jou poorte skrywe" (Deut 6:8-9).

Ons kan ook dink aan die ring wat baie getroude mense dra om hulself te herinner aan hul belofte en om vir ander mense te wys dat hulle getroud is. Net so kan ons die armbandjies gebruik om ons aan God se wil te herinner en om moontlik 'n geleentheid te skep vir 'n opbouende gesprek met 'n ander persoon.

Ons is God se kinders, verlos deur Jesus om hom te volg en dien. Laat ons altyd vra: wat sou God wil hê dat ek moet doen? Wat sê sy Woord? Wat sou Jesus in my situasie doen? Indien ons sou besluit om armbandjies te benut om onsself daaraan te herinner, laat ons hulle gebruik tot God se eer en tot die bevordering van sy Koninkryk.

***NOTA:***

Sheldon se boek is beskikbaar by:
http://www.ccel.org/ccel/sheldon/ihsteps.html ¤

# OPENBARE GELOOFSBELYDENIS

**B Luiten**

## *LEER EN LEWE*

**Hoekom is dit eintlik so dat ek voor in die kerk gaan staan om my geloof te bely? Dié vraag word gereeld gevra, vanuit allerlei agtergronde. Vir die een is dit 'n stresvolle ervaring en vir die ander is dit 'n formele geleentheid. 'n Derde sê: "Ek glo al lankal en die Here weet dit mos. Hoekom moet ek dan nog daar gaan staan?"**

Hierdie aarseling is verstaanbaar. Die tyd waarin die geykte paadjies sonder kommentaar gevolg word, is verby. Jongmense wil weet wat hulle doen en hoekom. Daarom vra hulle uit daaroor. Hulle is heeltemal reg hierin. Dit gaan oor hul geloof, hulle belydenis en hulle moet heelhartig daarmee kan saamstem. Dus: hoekom gebeur dit voor in die kerk? Hoekom is 'n gesprek met die kerkraad nie voldoende nie?
Dalk sou dit so ook kan gebeur, maar tog is dit vir ons mooier soos wat dit nou is. As jy dink aan wat jy met jou ja-woord doen, kan al die aarseling soos sneeu voor die son verdwyn.

### *BRUILOF*

Die "ja" vir God kan jy vergelyk met die "ja" op jou troudag. Dit is die beste vergelyking denkbaar, want God vra na die liefde van ons hart, Jesus noem ons sy bruid. *Wil jy aan God behoort soos wat 'n bruid haar toevertrou aan haar bruidegom?*

As daar al 'n spoor van formalisme sou wees, sou dit hier verdwyn. Want dit is so persoonlik as wat dit kan kom*. Liefde van hart tot hart*. God sê "ja', wat sê jy? Het jy dit al gesê? Glo jy dit al lankal? Maar dit kan mos nie 'n beswaar wees nie! In die meeste verhoudings werk dit so dat die liefde groei en dat jy dit gereeld vir mekaar sê. Jy leer mekaar ken, jy kom agter dat julle na mekaar toe groei. Dit word nie ontken op die troudag nie, inteendeel! Dit word as vanself-sprekend aanvaar. Die liefde begin nie op daardie oomblik nie, maar dit word verseël, in 'n lewenslange verbond.

So is daar ook op die dag van jou openbare geloofsbelydenis 'n tydperk agter jou waarin jy God leer ken het. "Uitgaanstyd" is dalk nie heeltemal die regte woord hiervoor nie. Maar dit is wel 'n beweging na die keuse van jou lewe. As jy ontdek wat genade is en hoe diep dit is, kan jy dit as 'n besondere verbondenheid ervaar. Hierin leer jy die Here persoonlik meer en meer ken. Dan het jy al dikwels daarvoor gedank en jou liefde aan Hom verklaar voordat jy in die kerk staan. Tog vra dit alles, op een of ander manier, vir 'n sekere oomblik waarop jy jou keuse *openbaar* maak. 'n Keuse, wat vasgelê word voor God en die mense. Want dit gaan oor God se *trouverbond*. God se "ja" in die doop was ook so dat elkeen dit kon sien en hoor. Dit is nie geheimsinnig nie, dit deurtrek die hele lewe. Soos wat 'n huwelik bekend wil wees, so is ook jou band met God: "ons behoort bymekaar en niemand mag daar tussen kom nie."

### *STRESVOL?*

Is dit stresvol om so voor in die kerk te staan? Ja, 'n bietjie. Tog is daar min bruidspare wat om die rede daarvan afsien om te trou. As jy daaroor nadink is dit eintlik meer ontspannend. Jou belofte is belangrik en dit mag jy ook voel. Maar tog gryp jy jou vas aan die feit dat God jou wil dra. Hy wil jou met alles help, sodat jy nooit iets alleen hoef te doen nie. As jy dit besef, verloor jy alle spanning. Ek ken 'n predikant wat baie senuweeagtig was toe hy vir die eerste keer moes preek, totdat iemand vir hom gesê het dat hy mooi moes luister na sy eerste sin: "Ons hulp is in die Naam van die Here…" Daar het jy dit! Solank as wat jy dink dat jy dit self moet doen, is jy senuweeagtig. As jy dink dat jou belofte volmaak moet wees is jy so gespanne soos 'n snaar. Maar as jy jou mag toevertrou aan die God wat jou volledig ken, dan val daar 'n las van jou skouers af. Is dit nie merkwaardig dat 'n mens so vol kan wees van jou eie belofte, dat jy skaars hoor wat die ander sê nie? In die voorbereiding vir 'n troue, kan dit soms 'n openbaring wees wanneer ek dit noem. Die persoon wil sy hele hart lê in sy aanstaande troubelofte, en dit is natuurlik ook baie goed. Maar hoor hy ook wat die ander persoon sê, en wat hy daarin *kry*: lewenslange hulp, liefde en trou? *En hou hy daarmee rekening?* Kry dit ook 'n plek? En hoe?

Ons is aktiewe mense. Dit is makliker om te doen as om te ontvang. Tog is hierdie ontvang so wesenlik dat jy die ander regtig moet *toelaat* in jou lewe. Om te 'doen' kan baie oormoedig gebeur, maar om te 'ontvang' moet jy jouself oopstel. Jy moet dit waag om kwesbaar te wees. Slegs dan kan jy gehelp word, dan kan dinge werk. Dit werk so tussen mense.

Dit geld nog meer as jy belydenis van jou geloof aflê. Jou keuse vir God is belangrik, wat sê en doen jy daarmee. Dit mag jy maar voel. Daarin is dit veral belangrik dat jy wil *ontvang* wat Jesus vir jou wil wees. Dus moet jy baie goed na sy belofte luister en dit in jou denke integreer. Slegs dan kan jy gehelp word, dan kan dinge werk. Vir almal wat ooit 'n trouverbond gesluit het, of dit met God of met mense is, is dit lewenslang die fokuspunt: *om die ander regtig binne te laat kom, om al die deure van jou lewe oop te maak.* Anders word dit baie stresvol. Dan kan jy doen wat jy wil vir die ander persoon, maar jy kan dit nie volhou nie. En dit terwyl daar soveel ontspanning kan wees in geborgenheid, aanvaarding en liefde.

### *DIE GEMEENTE HANDEL*

Die gemeente wil graag getuie wees daarvan. Hulle wil om jou heen staan, hulle wil jou God se seën toesing en vir jou bid. So laat

hulle jou, in die Naam van Jesus, toe aan die voorsmaak van die bruilofsmaal.

Ja, dit doen die gemeente self. Die kerkraad gee leiding hierin, hy spreek en ondersoek. Maar op hierdie manier is die gemeente self aktief. Sy is die bruid, sy wil in alles gerig wees op haar Heer en slegs in hierdie gesindheid kan jy deel wees daarvan. Daarom is die mees geskikte plek om jou geloof te bely in die erediens. Want as die gemeente bymekaar kom in God se Naam, dan handel sy in die Naam van God, met sy volmag. Die gemeente aanvaar jou, sy gee jou 'n plek aan die tafel waar Jesus die gasheer is.

As jy dit besef, wil jy hierdie manier van belydenis doen nie inruil vir 'n ander manier nie. Inteendeel, dan besef jy juis baie goed wat die gemeente eintlik is. Jy wil hierby behoort, al is daar menslikerwys gesien baie wat skort, want hier is God, hier word gehandel en gespreek in die naam van God. *Hier word die sleutels van die hemelse koninkryk bedien.* Dalk gebeur dit nog op 'n gebreklike manier, maar tog sal die pad na God wat hier verkondig word, nie 'n ander pad blyk te wees nie. Wat hier in die naam van Jesus vergewe word, dit is ook in die hemel vergewe. Wie hier in die naam van Jesus aanvaar word, is aanvaar, vir nou en vir later (Joh. 20:21-23).

Dit word natuurlik nie gesê om God in ons handelinge op te sluit nie. Dit kan ons nie doen nie. Maar ons word wel daaraan herinner dat die almagtige God daarvoor gekies het om die gemeente in sy Naam te laat handel. Hy het aan die gemeente sy sleutels toevertrou. Daarom is die erediens uniek en onvervangbaar, sodat die gemeente dan ook werklik saamkom in die naam van die Here, om die sleutels te hanteer.

***IN LEWE EN IN STERWE***

Daar is nie een vergelyking wat volmaak is nie. Ook nie die een van die belydenis met die aardse bruilof nie. Want God se trouverbond is baie meer.

Dit kom treffend na vore by die belydenisvraag: "Belowe jy om by die belydenis van hierdie leer te bly in lewe en in sterwe?"
Dit vra ons nie op die troudag nie. Daar vra ons vir trou vir die hele lewe totdat die dood die skeiding bring. Die huwelik gaan nie verder as dit nie, dit hou daar op.

Maar die trouverbond met God hou nie daar op nie! Dit is wonderlik om te sien en indrukwekkend om te bely. *As jy gaan sterf, bly jy dan nog op Hom vertrou?* Al is jy dalk nog jonk, al het jy heeltemal ander planne en verlangens. Wil jy dan tog nog na die Bruidegom gaan as Hy jou roep? Vertrou jy jou lewe aan Hom toe, hoe Hy jou ook lei, op die aarde of na die hemel? Ja, as jy dit beloof is dit 'n groot ding!

Dit is dié antwoord waarop Jesus wag en wat Hy telkens weer wil hoor. Laat dit die siel van jou gebed wees. Dit is die antwoord op Golgota waarop die trouverbond rus. Dit is die antwoord op jou doop waarin God vir ewig met jou gespreek het.

*Ds B Luiten is predikant van die Gereformeerde Kerk te Zwolle-Centrum. Die artikel het eers verskyn in die Reformatie van 17 Mei 2003. Met toestemming van ds Luiten is dit vir Kompas vertaal deur Karina Ijlst.* ¤


**FOLMER BOEKHANDEL**

**19e Laan 283, Villieria**
**Pretoria, 0186, Suid-Afrika**

**Tel 012 329 0031**
**Faks 012 329 5927**

THE BEAUTY OF REFORMED LITURGY – ds G Vandooren. A series of articles published in 'Clarion" are bundled in this –as the author calls it- unpretentious booklet. For those who want to go deeper into the many challenging facets of our liturgy, a list of literature has been added. In an Appendix the question is considered whether the order of liturgy should be left to the freedom of every local church, or whether it is a "matter in common to all the churches" and thus for a general assembly or synod to decide. R53

VAN BRUGGEN, J: The Church say Amen – an exposition of the Belgic Confession (vertaling van 'Het Amen der Kerk'). 'n Duidelike verklaring van die artikels van die NGB. Die Nederlandse uitgawe (eerste druk 1964) is uit druk uit, maar hierdie Engelse/Kanadese vertaling is 'n goeie betroubare vervanging. R105

St PAUL's JOURNEYS TO GREECE AND CYPRUS – dr Athan J Delicostopoulos, direk ingevoer vanuit Griekeland, is 'n pragtige boekie van 126 bl, met beskrywing en foto's en kaarte van die reise van die apostel Paulus. Baie interessant! R80

EERBIED GEVRAAGD – 5 Bijbelstudies over eerbied van de hand van di AJ van Zuijlekom, G den Dulk, R van Wijnen en D Grutter: Eerbied voor de Here, voor je ouders, voor je lichaam, voor oudere mensen en eerbied in de eredienst. Spesiaal geskryf om te gebruik en te behandel op jeugverenigings. R51

CD 440-530 DOELENCONCERT – Chr Gemengd Koor 'Deo Cantemus met medewerking van Chr Gemengd Koor 'ASAF' uit Papendrecht olv Cor de Haan. Orgel, vleugel, basbariton, jongensalt en jongensmezzo, het geheel met orkestbegeleiding. Nederlandse en Engelse Kerstliederen. R115

CC CD 1401452 - Come, Bless the Lord – the Mattaniah Christian Male Choir olv Herman den Hollander, orgel, piano, harp en viool. Psalmen en gezangen. R115

# DIE DOODSTRAF

**G. Klapwijk**

## *SAMELEWING*

***INLEIDEND***

Die debat oor die doodstraf is op die oomblik baie aktueel in SA. En dit is verstaanbaar. Die onlangse vlaag van wreedaardige aanvalle op veral vrouens en kinders laat die emosies hoog loop. Tydens Radio Sonder Grense se program "Monitor" het die luisteraarsvraag 'n paar weke gelede gehandel oor die wenslikheid al dan nie van die doodstraf. Die reaksie was oorweldigend; 92 000 mense het ingeskakel (2 500 reaksies was voorheen die rekord). 99% van die respondente het gesê dat die doodstraf weer ingestel moet word.

Dit wil voorkom asof misdadigers vrye teuels het; asof hulle maar kan voortgaan met roof, verkragting en moord sonder om gevang te word! En die meerderheid van dié wat wel gevang word kom baie lig daarvan af as gevolg van 'n oorlaaide en oneffektiewe regstelsel (Na raming kom net ongeveer 10% van alle geweldsmisdaad by strafoplegging uit).

Baie wetsgehoorsame burgers glo dat daar nie genoegsame afskrikmiddels vir hierdie misdadigers is nie. Daarom wil hulle hê dat die doodstraf heringestel moet word. Die regering skop egter handeviervoet vas. SA het die mees liberale grondwet ter wêreld en in so 'n samelewing is daar geen plek vir die mensonterende en wreedaardige doodstraf nie.

***TEENARGUMENTE***

Teenstanders van die doodstraf maak heftig beswaar teen die "oog vir oog" argument wat voorstanders van die doodstraf gebruik. Een skrywer noem dit selfs "'n oerdrif wat opgeteken staan in ou Bybelse verhale, mites van die godedom en die wêreldgeskiedenis" (Beeld 20/08/03). So word die doodstraf gesien as 'n uiting van primitiewe wraak. Die sondige mens hou nie van wraak en vergelding nie. Veel belangriker is die regte van die mens, aldus Amnesty International: "Almal het reg op lewe" (Artikel 3 Handves van menseregte 1948). Hierdie reg op lewe is absoluut en daarom kan geen argument die doodstraf regverdig nie. Dit is duidelik 'n humanistiese gedagtegang. Maar dieselfde redenasie word geopper deur mense wat die Bybel as uitgangspunt gebruik. Niemand, so redeneer hulle, het die reg om iemand anders se lewe te neem nie. In die

Ou Testament was die doodstraf 'n aanvaarbare wyse om die reg te beskerm, maar in die Nuwe Testament staan sake anders. Ons moet ons naaste liefhê soos onsself, ons moet vergewingsgesind wees en vol sagmoedigheid.

Daar is ook mense wat meen dat die doodstraf té finaal is. Dit kan nie ongedaan gemaak word nie. Die regstelsel is nie foutloos nie en indien iemand verkeerdelik tereggestel word, kan die fout nie reg gestel word nie.

***BYBELSE PERSPEKTIEF***

Die debatte rondom die doodstraf is dikwels baie emosioneel. Dit kan ook moeilik anders wanneer jy sien hoe die slagoffers en hulle naasbestaandes deur geweldsmisdade getraumatiseer en baie keer vir hulle lewe lank geskend is. Wat is ons mening as Christene oor hierdie saak? Hoe reageer ons? Min van ons sal waarskynlik met plakkate voor die parlement gaan betoog. Maar is ons gesprekke nie ook dikwels meer gedryf deur emosies as deur wat God sê nie? Wat sê Hy in sy Woord oor die doodstraf?

Daar is veral 2 tekste wat aandag verdien:
Gen 9:6 *"Hy wat die bloed van 'n mens vergiet, sy bloed sal deur die mens vergiet word; want God het die mens na sy beeld gemaak"*. Die beeld van God wees bestaan daarin dat Hy die mens aangestel het om oor die skepping te heers, dit te bewerk en op te pas (Gen 1: 28). Verder behoort die mens die deugde van God te weerspieël. Dit is 'n gebod van God; wie hom aan die mens as beeld van God vergryp, moet daarvoor boet. Hierdie bepaling is voor die ontstaan van Israel as volk gegee en is daarom universeel en vir alle tye en volke bedoel. Gen 9:6 handel hoofsaaklik oor die sogenaamde bloedwraak. Hiervolgens was familielede verplig om die geweldadige dood van 'n geliefde te wreek in 'n tyd waar die regstelsel nog nie behoorlik ontwikkel was nie. Daar is verskeie tekste in die Ou Testament waar ons lees dat die doodstraf ook vir die volk Israel van toepassing was (Vgl. Eks. 21:12, Lev. 24:17 & Num. 35: 16 - 21). Die Bybel is dus positief oor die doodstraf in die Ou Testament. Maar wat van die Nuwe Testament? Is alle Ou Testamentiese wette vervul in Christus? Mag ons die doodstraf vandag nog as 'n aanvaarbare straf sien?

Rom 13: 4 lees soos volg: *"Want die owerheid is 'n dienaar van God, jou ten goede. Maar as jy kwaad doen, vrees dan; want hy dra die swaard nie verniet nie, want hy is 'n dienaar van God, 'n wreker om die een wat kwaad doen, te straf"*. Die gelowiges mag hulself nie wreek nie (Rom 12:19). Bloedwraak is nie meer geoorloof nie. Die owerheid as onpartydige instansie is nou aangestel om die slegte dade te straf en só die orde te handhaaf. Die uitspraak dat die owerheid die swaard dra, kon vir

die mense in Rome net een ding beteken, en dit is dat hy die reg het om met die dood te straf. Die swaard is in daardie tyd juis vir dié doel gebruik (Vgl. Jakobus se dood in Hand 12:2). Die "swaard" van die owerheid is simbool van straf en dit sluit die doodstraf in. Daarby stel Paulus dit duidelik dat die owerheid sy gesag by God gekry het. Ook die bevoegdheid om die swaard te gebruik, om die doodstraf op te lê, het die owerheid van God ontvang. Ook daarin is hy dienaar van God.

Paulus sê nog meer: die owerheid dra die swaard nie verniet nie. Hy het nie slegs die bevoegdheid om kwaaddoeners te straf nie, hy het ook die verantwoordelikheid en plig om dit te doen. As die owerheid iemand wat straf verdien, nie werklik straf nie, kom sy verantwoordelikheid as dienaar van God in gedrang.

Daarmee probeer ons nie sê dat die doodstraf altyd in alle gevalle opgelê moet word nie. In die Ou Testament is daar verskeie voorbeelde hiervan. Kain het vir Abel doodgeslaan; ons weet nie waarom God sy lewe gespaar het nie. Moses het 'n Egiptenaar doodgeslaan en tog is hy nie daarvoor gestraf nie. Miskien het hy nie bedoel om moord te pleeg nie en dat dit eerder as strafbare manslag beskou moet word? Koning Dawid pleeg owerspel en moord. Vir beide misdade kon hy met die dood gestraf word. Hy is wel gestraf maar nie met die dood nie.

***WANNEER WEL EN WANNEER NIE?***

In die Ou Testament was die doodstraf van toepassing op ongeveer 20 oortredings wat in 4 kategorieë verdeel kan word:

- Moord
- Religieuse misdade (Godslastering en afgodery)
- Seremoniële misdade soos Sabbatsontheiliging
- Morele misdade (egbreuk, bloedskande, menseroof)

Israel was 'n teokrasie; staat en kerk was een. Vandag is dit nie meer so nie. Ons glo dat die Mosaïese wette met die koms van

Christus vervul is. Daarom is die doodstraf nie meer van toepassing op die sogenaamde religieuse, seremoniële en morele misdade nie.

Moord is egter 'n perd van 'n ander kleur. Ons het reeds gesien dat die universele gebod van Gen. 9: 6 relevant is vir alle volke en tye. Moord moet met die doodstraf gestraf word juis omdat dit 'n misdaad is wat die mens as beeld van God skend.

Myns insiens laat dit ons wel met 'n dilemma; alhoewel die Mosaïese wette vervul is met Christus se koms is hulle tog aan ons oorgelewer tot lering. Wat leer die Skrif ons aangaande die ander kategorieë halsmisdade? Watter straf behoort bv. toegedien te word by verkragting? By so 'n gruwelike misdaad word die mens as beeld van God tog ook geskend! Sou ons samelewing nie 'n baie beter plek gewees het nie indien die doodstraf op meerdere misdade van toepassing was? Dit is interessant om daarop te let dat die doodstraf nog wel van toepassing is op bogenoemde misdrywe in die meeste Moslemlande.

***GEVOLGTREKKING***

Dit is die regering se taak om 'n ordelike samelewing daartestel om

sodoende die lewe en vryheid van sy burgers te verseker. Ons het reeds gesien dat die Bybel positief praat oor die doodstraf. Daarom behoort daar in 'n gesonde samelewing plek te wees vir die doodstraf.

Eerstens vanweë die *vergeldingsmotief.* As iemand gewelddadig lewe en ander mense die lewe ontneem, is dit niks anders as regverdig dat daar ook op dié wyse teenoor hom opgetree sal word (Vgl Matt 7: 2).
Dan is daar ook die *voorkomingsmotief.* Baie geweld en doodslag kan voorkom word indien die doodstraf as afskrikmiddel gebruik word. 'n Laaste belangrike oorweging is die *beskerming van die onskuldiges*. Daar is 'n beginsel in die reg wat die beskuldigde die voordeel van twyfel gee. En dit is korrek. Niemand behoort veroordeel te word sonder behoorlike bewyse nie. Maar dit mag nooit gebeur word ten koste van die onskuldige slagoffer nie. Ons leef in 'n tyd waar almal praat van menseregte, maar 'n mens vra jouself soms af waarom die "regte" van misdadigers in baie gevalle beter beskerm word as die regte van die onskuldige slagoffer.

Die Here het die regering die opdrag gegee om wet en orde te handhaaf. Hy het die doodstraf gegee, nie om ontslae te raak van 'n paar slegte mense nie, maar om die lewe van onskuldiges te beskerm.

***VOORBEDE***

Laat ons daarom bly bid dat die regering mag insien hoe goed God se wet vir die samelewing is. Laat ons hulle bly oproep om die doodstraf met wysheid te begin gebruik om sodoende ons land 'n veiliger plek te maak, sodat *"ons 'n rustige en stil lewe kan lei in alle godsvrug en waardigheid"* (I Tim 2:2).

*Bronne:*

*Dr J Douma, Ethiek en Recht, 1990.*
*Rev W Pouwelse, Like living stones, 1985.*
*Rapport van studiedeputate oor doodstraf, GKSA sinode 1994.* ¤